NED. GEREF. GEMEENTE OOS-LONDEN-WESHEUWELS



Die Skriba SK
NGK Oos-Kaapland
Posbus 34842
NEWTONPARK PE
6055

29 Oktober 2007

Geagte Dr. Viljoen

INSAKE TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING:

Ek skryf hierdie brief in opdrag van die kerkraad van hierdie gemeente. Op 14 Oktober 2007 is tydens die oggenderediens 'n gemeentevergadering gehou oor die konsultasieproses oor kerkhereniging. Die vergadering is twee weke vooraf afgekondig. Al die dokumente wat aan die gemeente voorsien is deur useif is twee weke vooraf uitgedeel, sodat die gemeentelede hulle goed kon vergewis van die inhoud daarvan. Vir die wat belangstel is ook 'n verdere dokument, wat handel oor die Betydenis van Bethar, deur Prof. Strauss beskikbaar gestel. Tydens 'n kerkraadsvergadering, gehou op 22 Oktober 2007 is die besluit van die gemeentevergadering wat op Sondag 14 Oktober 2007 geneem is, gekondoneer. Hierdie besluit is eenparig, sonder 'n enkele teenstem geneem. Al die omgeegroepe van die gemeente het ook deelgeneem en hulle besluit stem, sonder uitsondering, saam met die van die gemeentevergadering en die kerkraad. Hieronder volg die besluit.

In punt 14 van die dokument "Konsultasie oor Kerkhereniging" word melding gemaak van die proses van approbasie by kerkeenheid. Dit is hierdie gemeente se mening dat dit die eerste vraag behoort te gewees het in hierdie proses, naamlik stem die gemeente saam met kerkhereniging of nie. Die gemeente het eenparig besluit dat sy nie deel wil wees van die proses van kerkhereniging nie. Om hierdie rede is die vrae wat in die dokument gevra word nie op hierdie gemeente van toepassing nie, en word dus ook nie beantwoord nie.

Ek stuur dus in opdrag van die kerkraad die vorm terug sonder om die vier vrae daarop te beantwoord.

Groete.

DS. WILLEM PETZER
VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD

Leraar: Ds. Willem Petzer, Roosdaleweg 83, AMALINDA, OOS-LONDEN 5247
Telefoon: 043 741 2515 Epos: wilpet99@mweb.co.za
Sekretariaat: Mev. Annatjie Kotze, Roosdaleweg 83, AMALINDA, OOS-LONDEN 5247
Telefoon/Faks: 043 741 2815 Epos: louannk@mweb.co.za
Posadres: Posbus 12039, AMALINDA, 5245